

Terug na die Ou Testament: Die Wederkoms Nou? (7)

Terug na die Ou Testament: Die Wederkoms Nou? (7) – Adrio König

Konklusie

Die eindtyd of die laaste dae is dus nie 'n tyd wat Jesus en die apostels eers in die (verre) toekoms verwag het nie. Hulle verkondig

- dat Jesus in die laaste dae gebore is,
- dat die Heilige Gees in die laaste dae uitgestort is,
- dat die Regter voor die deur staan,
- dat die gemeente in die eindtyd leef,
- dat die einde naby is,
- dat Jesus gou sal kom.

Dit was 'n troos vir die vervolgte gelowiges, en 'n waarskuwing vir die ongelowiges.

Dit beteken dat die Here Jesus enige oomblik kan kom, regtig voor die son môre-oggend opkom. Maar dit beteken ook dat ons nie weet wanneer Hy kom nie, en dat alle voorspellings en berekenings teen die boodskap van die Nuwe Testament ingaan.

Ons moet leef asof Hy vannag nog kom.

En werk asof ons ons lewe voor ons het.

Skrywer: [Prof Adrio König](#)

Terug na die Ou Testament: Die Wederkoms Nou? (6)

Terug na die Ou Testament: Die Wederkoms Nou? (6) – Adrio König

8.3.5 Romeine 9-11

Hier het ons die enigste deel in die Nuwe Testament wat enigszins breedvoerig aandag gee aan die toekoms van Israel. Die agtergrond is die feit dat die kerk in Paulus se tyd vol heidene sit met baie min Jode, en dit terwyl Jesus die *Jode* se Messias is. Dit is vir Paulus 'n hartseer saak (Rom 9:1-4).

Die rede waarom die heidene "oorgeneem" het in die kerk, is eenvoudig: hulle het die evangelie van vrye genade geglo, terwyl Israel self hul heil deur die wet wou verdien (Rom 9:30-33).

En wat nou van die toekoms? Met 'n baie interessante beeld verduidelik Paulus dit, die beeld van die twee olyfbome (11:16ev). Die mak olyfboom is die volk van God, die wilde boom is die heidene. Die stam of wortel van die mak boom is die gelowiges van die Ou Testament. Die Jode wat nie vir Jesus as Messias wou aanvaar nie, is die takke van die mak boom wat afgekap is. Die heidene wat tot geloof kom, is takke wat van die wilde olyfboom afgebreek is en op die mak boom geënt is (11:17-24). Hierdie beeld verduidelik die huidige situasie baie goed. Die kerk sit vol heidene, en Israel is in die geheel gesien, in ongelooft.

En die toekoms? In 'n sekere sin is die toekoms oop. Die Jode kan nog inkom. Dié van hulle wat Jesus as Messias aanvaar, is soos afgebreekte takke wat weer op die mak boom geënt word (11:23). En die heidene wat hulleself verhef en nie in die geloof volhard nie, is soos takke wat van die mak boom afgebreek word (11:22).

Hier kom nog iets by. As die Here die *wilde* lote op die *mak* boom kon ent, sal dit soveel makliker wees om die *mak* lote wat afgebreek is, weer terug te ent op hierdie boom (11:24). Dit beteken dat Paulus verwag dat dit maklik gaan wees om die Jode te oortuig dat Jesus hulle Messias is. Trouens dit is ook sy eintlike oogmerk met sy sending onder die heidene. Hoewel hy die apostel vir die heidennasies is, strewe hy

in sy bediening daarna om sy eie mense jaloers te maak deur die heidene wat tot bekering kom (11:13-14). Dit is sy hoop omdat Jesus eintlik *hulle* Messias is.

Dit beteken dat Paulus nie die bekering van Israel sien as 'n massale gebeurtenis iewers in die verre toekoms wanneer die hele volk eensklaps vir Jesus as die Messias sal aanvaar nie. Dit kan nooit die betekenis wees van "die hele Israel" wat gered word nie (11:26). Een enkele geslag iewers ver in die toekoms is nie "die hele Israel" nie, maar net een geslag.

Daar is Christene wat meen 11:26 volg op 11:25, in plaas daarvan dat 11:26 'n *verduideliking* is van 11:25. 11:26 begin nie met: "en daarna" nie, maar met "en op hierdie manier." Hier staan nie dat die hele Israel gered sal word *nadat* die volle getal uit die heidennasie ingegaan het nie. Daar word niks gesê oor wat sal gebeur *nadat* die volle getal heidene ingegaan het nie (netsoos in Lukas 21:24). Wat hier gesê word, is *hoe* die hele Israel gered sal word: As gevolg van Israel se verharding word die evangelie nou aan die heidene verkondig om Israel jaloers te maak. *Dus terwyl die heidene tot geloof kom, moet hulle Israel jaloers maak, en só sal "die hele Israel" gered word.* Hierdie proses sal aanhou totdat die volle getal uit die heidennasies ingegaan het. Daar is nie goeie rede om te aanvaar dat daar dan op daardie stadium iets anders as die wederkoms van Christus sal plaasvind nie.

Daar is nie sprake van 'n ander toekoms van Israel nie as dat hulle verharding sal voortduur en net dié wat jaloers gemaak word, gered sal word.

Die vraag is dan natuurlik hoe dit kan beteken dat die *hele* Israel gered sal word? Die eintlike vraag is wie "die hele Israel" is. Dit is moontlik dat 'n mens 'n antwoord kry in die slotgedeelte, 11:28-32. Dit eindig met die nadruk op die herhaalde woord "almal:" God het *almal* (Jode én heidene) aan die ongehoorsaamheid oorgegee, sodat Hy Hom oor *almal* (Jode én heidene) kan ontferm." Hierdie "almal" is die Jode en heidene *saam*. Elders noem Paulus die gelowiges van die Nuwe Testament ook "Israel" (Gal 6:16). "Die hele Israel" is dus nie die hele volk Israel nie maar die nuwe gestalte van die volk Israel: die volle getal gelowiges uit die Jode en die heidene.

Dit alles beteken dat Paulus nie vir Israel as volk 'n ander toekoms sien nie as dat hulle deur die gelowige heidene jaloers gemaak moet word en dus weer deel word van die eintlike "Israel," die gemeente van die Nuwe Testament.

Van 'n aparte toekoms vir die volk Israel is daar nie in die Nuwe Testament sprake nie.

In watter sin is Israel as volk dan 'n teken van die nabye wederkoms van Christus? Israel se voortdurende verharding en die feit dat hulle deur die gelowige heidene jaloers gemaak moet word, moet ons daaraan herinner dat Christus enige oomblik weer kan kom. Van 'n terugkeer van Israel na die staat Israel kort voor die wederkoms van Christus is daar nie sprake in die Nuwe Testament nie. Die profesieë oor die terugkeer van Israel in die Ou Testament is vervul in die terugkeer uit die ballingskap in Babel.

Skrywer: [Prof Adrio König](#)

Terug na die Ou Testament: Die Wederkoms Nou? (5)

Terug na die Ou Testament: Die Wederkoms Nou? (5) – Adrio König

8.3.4 Israel

Intussen bly Israel vir sommige gelowiges 'n baie belangrike saak. En in ons tyd kom dit weer sterk na vore. Mense is oortuig dat bepaalde dinge wat nou in Israel gebeur die vervulling van profesieë is.

Kom ons kyk eers wat ons in die Nuwe Testament oor die toekoms van Israel het.

- **Matteus 10:23** Dit is nogal een van die moeiliker uitsprake van Jesus oor Israel, maar dit sê nie meer nie as dat die verkondiging van die evangelie

aan Israel sal voortgaan tot Jesus kom.

- **Matteus 19:28** Hier staan net dat Jesus se volgelinge iewers in die toekoms oor Israel sal regeer. Die woorde: “Wanneer alles nuut gemaak word” laat ‘n mens aan die nuwe aarde dink (Openb 21:5), maar dis moeilik om dit daarby in te pas.
- **Matteus 23:39** Dis ‘n besonder interessante uitspraak. Dis eintlik moeilik om te vertaal, want die Griekse vorm van “julle sal uitroep” dui ‘n moontlikheid aan, nie ‘n voldonge feit nie. Dit beteken iets soos: “Julle sal My nie weer sien nie behalwe as julle sal uitroep ...” Is dit nie van Jesus se kant af ‘n oproep tot bekering nie? Kom ons kyk na die verband.

Matteus 23 het die skerpste uitsprake van Jesus in die hele Nuwe Testament. Dit is oordeel op oordeel op oordeel. En dan volg die laaste, vernietigende oordeel: Jerusalem sal verwoes word. Dit beteken eintlik dat God se besondere verhouding met Israel verbreek word. Dit het Jesus al vroeër aangekondig (Matt 21:43).

Maar dan hou Jesus nie hier op nie. Dan nooi Hy hulle uit om tot bekering te kom. Hy gebruik dieselfde woorde wat die juigende skare kort tevore by sy intog gebruik het: “Loof Hom wat in die Naam van die Here kom” (21:9). Hierdie volksleiers moet soos die skare word: Juigend oor Jesus. Vers 39 beteken dus skynbaar iets soos: Julle sal My net kan sien as julle tot bekering kom. Of: Indien julle tot bekering kom, sal julle My sien.

- **Lukas 21:20-24** Dis ‘n deel van Jesus se profetiese rede. Dit gaan oor die verwoesting van Jerusalem. Heidene sal Jerusalem inneem en “vertrap *totdat ook hulle tyd verby is*”. Die heidene sal Jerusalem dus vir ‘n bepaalde tyd lank vertrap. En daarna? Dit is die vraag. Hier staan niks oor wat daarna sal gebeur nie. Daar is mense wat dan baie dinge inlees wat daarna sal gebeur. Maar dit staan nie hier nie. Dit is dus ook moontlik dat die einde daarna kom, die wederkoms van Jesus en die nuwe aarde. Trouens dis presies waaroor Jesus dan verder praat (21:25-27).
- **Handelinge 3:19-21** Dit is Petrus se oproep aan Israel om hulle te bekeer. “Dan sal daar tye van verkwikking van die Here af kom.” Wat sal in hierdie tye gebeur? God sal alles nuut maak en vir Jesus stuur. Dit verwys tog seker na die wederkoms en die nuwe aarde.
- **1 Tessalonisense 2:16** “Die Jode het nog altyd gesondig, maar nou het hulle

die maat van hulle sondes vol gemaak. Nou is dit klaar: die oordeel van God het hulle begin tref.” Dit is die toekoms van Israel.

Wat het ons tot hiertoe oor die toekoms van Israel gekry?

- Ons sal nie klaar kry om die evangelie aan Israel te verkondig voor Jesus kom nie.
- Jesus se volgelinge sal iewers in die toekoms oor Israel regeer.
- Die Israeliëte wat tot bekering kom, sal die Here Jesus sien en Hom prys.
- Jerusalem gaan verwoes word, en skynbaar deur heidene vertrap word tot Jesus kom.
- Die oordeel van God het Israel begin tref.

Wat het ons gekry? Israel wat hulle moet bekeer, en die oordeel van die Here is oor hulle.

En die vyeboom? Sal die Here Jesus nie kom wanneer die vyeboom blare kry nie? Is die “vyeboom” nie Israel nie, en is “blare kry” nie Israel wat teruggaan na die staat van Israel nie?

Nee. Ons kry dieselfde woorde van Jesus in Lukas: “Let op die vyeboom *en al die ander bome*. Sodra julle sien dat *hulle* begin uitloop , weet julle vanself dat die somer naby is” (Luk 21:29ev).

As “die vyeboom” Israel is, en as “begin uitloop” beteken teruggaan na hulle land toe, dan moet al die ander volke ook teruggaan na waar hulle vandaan gekom het.

As ‘n vyeboom iewers in die Ou Testament ‘n simbool van Israel is, beteken dit nie dit is elke keer so ‘n simbool nie. Hier is dit nie. Dis ‘n gewone vergelyking: Wanneer bome blare kry, weet ons die somer is naby. Net so weet ons die koms van Jesus is naby wanneer ons die tekens sien waarna Hy verwys het.

Wat bly oor in verband met Israel se toekoms? Natuurlik Romeine 11. Dit is ongetwyfeld die belangrikste en insiggewendste deel oor hulle toekoms in die Nuwe Testament.

Terug na die Ou Testament: Die Wederkoms Nou? (4)

Terug na die Ou Testament: Die Wederkoms Nou? (4) – Adrio König

8.3.3 Die heidensending

Die evangelie moes eers aan alle mense verkondig word voor die Here sal kom. Jesus het self 'n duidelike uitspraak: “En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom” (Mat 24:13).

Beteken dit dat die Here dus nie nou al kan kom nie, trouens dat sy koms selfs nie eens naby kan wees nie? Immers daar is baie mense, selfs volke wat nog nie die evangelie gehoor het nie. Maar pas dit regtig in by die prentjie van die Nuwe Testament? Sy koms was dan al in die tyd van die Nuwe Testament naby.

Wat het Jesus bedoel? Dis interessant om Paulus se briewe hieroor te lees.

- In Romeine 16:26 skryf Paulus van die evangelie wat “*aan alle nasies bekend gemaak is*”.
- In Kolossense 1:6 skryf hy van die evangelie “*wat in die hele wêreld vrug voortbring,*”
- en in Kolossense 1:23 van “*die evangelie wat aan al die mense op die aarde verkondig is*”,
- en later lees ons: “Maar die Here het my bygestaan en my krag gegee, sodat deur my die prediking tot sy volle reg kon kom en *al die heidennasies dit kon hoor*” (2Tim 4:17).

En skielik is dit duidelik waarom Paulus, en al die ander skrywers in die Nuwe

Testament, kon verkondig dat die koms van Christus (in hulle tyd!!) naby was. Hulle was oortuig dat die uitspraak van Jesus deur hulle optrede in vervulling gegaan het: al die nasies (waarvan hulle geweet het) het reeds in hulle leeftyd die evangelie gehoor. En dit was 'n teken dat Jesus reeds in die tyd van die Nuwe Testament enige oomblik kon kom. Ons kan immers nie aanvaar dat Jesus onder "al die nasies" iets anders bedoel het as wat die apostels daaronder verstaan het nie.

Skrywer: [Prof Adrio König](#)